

## Sondag 3 November

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2:5-18**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 2:5-9**

### **Deur Christus word ons verhoog om ons roeping te vervul**

As ons Psalm 8 lees (dit word in hierdie gedeelte aangehaal), dan is dit baie duidelik dat ons as kinders van die Here 'n roeping het om oor die skepping te heers. As gevolg van die sonde vervul ons nie ons roeping noodwendig op die regte manier nie.

Wat hierdie gedeelte egter aan ons wil tuisbring, is die feit dat Christus se dood en lyde aan die kruis 'n verandering in ons na vore gebring het. Daar staan baie duidelik in vers 5 dat die wêreld nie aan die engele onderwerp is nie. Nee, dit is aan ons as kinders van die Here onderwerp. Nie omdat ons so gaaf en wonderlik was nie, maar omdat Christus dit eers aan Homself onderwerp en aan ons die opdrag gegee het, nes sy Vader, om verder daaroor te heers. Nou doen ons dit nie uit onself nie, maar deur die krag van God wat aan ons deur die Heilige Gees geskenk is.

Al hierdie dinge is moontlik gemaak deur ons Verlosser, Jesus Christus. Daarom doen ons nie dinge soos ons wil nie, maar soos God dit wil. Ons roeping word deur Christus bevestig en ontvang ons die verantwoordelikheid en gesag om in sy Naam sy wil te doen. Op hierdie wyse het Christus die woorde wat aangehaal word, uit Psalm 8 vervul, en kry ons geleentheid om in die heerlijkheid van God te deel.

Daar bestaan 'n onlosmaaklike band tussen ons en Christus, want ons is ewig aan Hom verbonde. Hy is tydelik verneder om vir 'n wyle minder as die engele te wees. Daarna is Hy verhoog. Dit beteken dat ons vorentoe nog 'n hoop en 'n vooruitsig het. Ons het die vooruitsig dat ons eendag die ewige heerlijkheid saam met Christus binnegaan en dat ons soos Hy ook verhoog sal word. Paulus skryf aan die gemeente in Filippi dat ons nederige liggame verheerlik sal word soos syne verheerlik is.

Ons kan uitsien na die dag van die koms van ons Here wanneer ons die ewigheid saam met Hom kan binnegaan en ewig in heerlijkheid saam met Hom kan lewe.

*Sing: Psalm 8-1:3, 4*

*Ds. N Boy (Neville) (Thabazimbi)*